20-22 April 2018

NKWE

Hierdie saamtrek was dalk nie een van die groot saamtrekke van die jaar nie maar was beslis nie minder lekker nie. Teen sonsaktyd het sewe woonwaens reggestaan en het ons vergader om kerrie en rys, broodjies en slaai vir aandete te geniet. Elmarie het ons bederf met heerlike malvapoeding en vla – dit was beslis 'n treffer. Hans en Erna het die boekevat waargeneem en teen daardie tyd het die ketels gekook vir koffie en het ons heerlik gekuier tot die nagkoue ons bed toe gejaag het.

Saterdagoggend is ons verras met 'n besoek van Mynhardt en Wimpie en dit was heerlik om hulle weer saam met ons te hé. Elmarie het weereens haarself oortref en teen elfuur het ons weer bymekaar gekom met bordjies en bekers en het ons gesmul aan die plaatkoekies met stroop en room wat sy gebak het.

Die res van die heerlike herfsdag het so kuier-kuier verbygegaan en na die boekevat is kring gemaak so tussen die woonwaens wat heelwat beskutting gebied het en is die vure aangesteek vir die gebruiklike saambraai. Chris en Nellie se kleinkinders, nogal tweetjies, het gedurende daardie week hul opwagting gemaak en het gesorg vir groot opwinding. Ook Hennie en Anne-Marie was opgewonde oor hul kleinkind wat sy opwagting sou maak.

Sondagoggend se Boekevat is hanteer deur Pieter en Elmarie Le Roux en Pieter het spesifiek gefokus op die natuur deur verskeie verse uit die Woord te haal. Wat 'n voorreg om as kampeerders so naby aan God se skepping te leef en ontspan. Die naweek is afgesluit met 'n paar woorde van Pieter, ons voorsitter, enkele oorhandigings is gemaak en het ons onder die bome vergader om 'n ligte middagete te geniet voor ons huiswaarts keer. Die heerlikste kos het op die tafels verskyn, glo my daar was 'n ongelooflike verskeidenheid en was dit onmoontlik om van alles te proe. Baie dankie aan elkeen wat ook hierdie naweek so besonders gemaak het. (Erna)

Pieter Saam met Erna en Elmarie die Kampkommandante

Stefanie het verjaar en dit was ook hulle huweliksherdinking. Dubbel sjokolade. Geluk julle 2.

Piekniek na Kerk